

Hoe vier ons hierdie jaar Mandeladag in Suid-Afrika?

Leslie van Rooi*

Oor die afgelope dae word Suid-Afrikaners aangegryp deur tonele van onluste wat ons skok, verbaas en laat dink aan tonele uit ons pynlike verlede waarvan ons reeds wou vergeet het. Vir dié wat die redelike gemak van die demokratiese bestel ken is dit veral vreesbeelde wat groot twyfel laat ontstaan oor ons land se moontlikhede.

Die tonele – wat baie Suid-Afrikaners in persoon beleef – skep 'n gevoel van senuagtigheid omdat ons weet dat ware stabiliteit 'n duur entiteit is wat moeilik verkry word veral in samelewings met hoë vlakke van ongelikheid, korrupsie, werkloosheid, wetteloosheid en waar hopeloosheid heers. Dit is tans ook waar in baie van ons gemeenskappe. En, te midde van 'n pandemie met 'n effek wat ons hard slaan, is hierdie faktore nog groter. Voeg daarmee saam swak politieke wil en binnegevegte in die regerende partye – gevegte wat duidelik nie net binne bly nie – en ons vind onself in die middel van 'n periode soos die tans.

Talle kommentators waarsku om nie te geskok en verbaas te wees nie juis omdat ons weet dat stabiliteit tans self nog 'n moeiliker ideaal is. Ons het hoe vlakke van wetteloosheid, geweld, korrupsie en 'n skoolsisteem wat ons land en sy kinders faal.

Hoe nou gemaak met Mandeladag?

Anders as vorige jare is dit moeilik om te dink dat ons oor enkele dae, op 18 Julie, Mandeladag vier. Die ikoniese Madiba sou op 18 Junie vanjaar 103 jaar oud wees. Vir etlike jare reeds word die dag herdenk en gewy aan sy nalatenskap. Suid-Afrikaners, soos mense regoor die wêreld, gebruik Julie om nie net te dink oor Madiba se nalatenskap nie, maar kry ook die kans om 'n verskil te maak in ander se lewens. En hierdie jaar val die fokus juis om swaarkry en honger vererger deur die covid-19 pandemie.

Maar die nalatenskap van Madiba en die oproep tot die viering van Mandeladag, blyk vergete agter te bly in die tonele wat ons oor die afgelope paar weke gesien het.

Boonop het ons in mnr Zuma se mediatoespraak onlangs beleef dat hy 'n minagtende en verdwaalde poging aangewend het om te klink soos die Madiba wat helder toesprake oor ideale en strewes gemaak het aan die einde van die Rivonia verhoor. En dink maar aan die beelde in die strate wat net nie strook met 'n land waarvoor ikone soos Madiba duur pryse betaal het nie.

Dit is dus moeilik om hierdie twee gesigte saam te bring – plunder en die afbreek van ons moontlikhede aan die eenkant, en opbou, vrede en versoening aan die anderkant. Of is dit?

Dalk is dit tog juis gepas dat ons oor enkele dae Mandeladag vier. Die van ons wat die noodtoestande, sabotasie, ontplooiing van die weermag en menseslagting op straat in die 80's en veral die vroeë 90's onthou en dalk selfs beleef het, weet dat ons al voorheen in uiters moeilike situasies was. Ons ken daardie doodloopstrate en tonele van absolute hopeloosheid wat jou laat wonder of daar 'n more sal wees en hoe daardie more sal lyk.

Dit is in hierdie konteks dat 'n ikoon ons keer op keer oortuig het om weer te probeer, om op te staan, om vrede te soek en om 'n nuwe pad te stap.

Dit is veral moeilik vir jonger mense om te verstaan dat ons as nasie al mos omdraai op donker paaie. En dit is ook nie altyd haalbaar om kontekste en gebeure met mekaar te vergelyk nie. En boonop sukkel ons om ikone soos Madiba te midde van die chaos tans te vind.

Maar dit help tog om te weet dat ons tweedekanse en weer probeer ken in hierdie land. Dit help ons om te onthou en te verstaan hoe kwesbaar en dun ons stabiliteit is. Dit help ons om raak te sien dat, onder leiding van korruptes, ons onself ontnem het van nuwe moontlikhede. En dat dit veral die armstes van die armes is wat die kwesbaarste bly en wie veral die rowwe kante van droewigheid beleef.

As ons leer uit ons geskiedenis – en daar is baie lesse te leer – moet ons ook vir mekaar sê dat die onluste so gou moontlik moet stop. En dat ons so gou moontlik moet herbou. En, so word ons gewaarsku, sal ons nuut en anders moet bou. Want ons kan nie dieselfde doen en ander uitkomst verwag nie. Goedkoop versoening, dieselfde foute wat deur heersers herhaal word, en kortpaaie uit die moeilikheid, bring ons nie vêr nie – nie hier nie en ook nie elders nie.

Hierdie omdraai en nuut begin, die ander-pad-stap moontlikheid is ook nie vir ons as nasie vreemd nie. In die voorbeeld van Madiba weet ons hoe dit lyk en wat ons kan doen. Dit is nie iets wat mens goedkoop moet maak. Maar dit is ook nie iets wat mens maar net kan verwerp as goedkoop nie.

Ons durf nie dieselfde beelde sien en beleef soos ons dit onder apartheid gesien en beleef het nie. Ons durf dit nie weer waar maak nie. Ons het te vêr gekom om op te gee. Ons sal maar weer saam moet staan en saam moet stap. Die alternatief is iets waaraan ons nie wil dink nie.

Ek kan my nie aan 'n beter tyd dink as juis nou vir ons om onself juis te herinner aan Mandela se nalatenskap nie.

***Dr Leslie van Rooi is die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie aan die Universiteit Stellenbosch.**